

Maandag 3 April

Skrifgedeelte: Matteus 12:22-32

Fokusgedeelte: Matteus 12:31

Lastering teen die Heilige Gees

In Matteus 12:31 waarsku Jesus oor lastering teen die Heilige Gees. Die rede vir hierdie waarskuwing was die onsinnige beskuldiging van die Skrifgeleerdes dat Hy bose geeste met die hulp van Beëlsebul (of Satan) sou uitdryf. Hoekom sal Satan sy eie geeste help uitdryf?

Let op dat Jesus hier nie sê dat die Skrifgeleerdes teen die Heilige Gees laster nie. Hy waarsku egter daarteen. Dit was asof die Skrifgeleerdes (in hulle aankla van Jesus teen hulle beterwete in) op die terrein van lastering teen die Heilige Gees begin beweeg het.

Laster teen die Heilige Gees is nie een spesifieke sonde nie. Dit is nie iets wat jy een keer doen en dan sal God jou nooit weer vergewe nie. Nee, laster teen die Heilige Gees is die resultaat van 'n lewe waarin jy volhardend *teen jou beterwete in die Heilige Gees se werking in jou lewe ontken*. Dit is om God se wil te ken, dit is om God se genade te ken, dit is om God self te ken, en ten spyte van hierdie kennis jou nie aan God se wil te onderwerp nie, en jou teen God te bly verset tot die dag van jou dood!

As jy opreg daarvoor bekommerd is of jy al teen die Heilige Gees gelaster het, dan het jy nog nie. Niemand wat hulle opreg tot die Here bekeer en daarna strewe om in dankbaarheid gehoorsaam aan die Here Jesus te lewe, sal verlore gaan nie (vgl. Joh. 3:16; Dordtse Leerreëls VD 5:4).

Sing: Psalm 105-1:4

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)